NG GEMEENTE MONTANA

www.ngmontana.co.za

9 Junie 2019

Erediensteye – Pinksterfees Nagmaal	
08:00 en 10:00	**O.l.v ds. Johan Scholtz**
09:00 en 10:00	**Bougainvilla Aftree-Oord** **Twee Riviere Aftree-Oord o.l.v. Surina van der Berg**

Program vir die dag

Deurkollekte gaan vir die Gemeentekas

Erediensteye gedurende die Skoolvakansie

Vanaf Sondag 14 Junie tot en met Sondag 7 Julie is daar net een oggenddiens om 09:00.

Hierdie "SnapScan" ikoon kan u nou gebruik asook by die deure bokant die Afkondigingsrakkie *vir u bydrae, u kan ook u inbetalings in die kerk se bankrekening doen!*

Program vir die week

Maandag 10 Junie 2019
19:00 Gebed in gebedskamer

Woensdag 12 Junie 2019
09:00 Bybelstudie Zambezi Aftree-Oord
09:30 Bybelstudie in die saal
10:00 Bybelstudie by Hannelie Wannenburg, Palmleliestraat 2A, Magalieskruin – 083 3881293
19:00 Omgeebestuurvergadering
19:00 Finansiële Diensgroepvergadering

Donderdag 13 Junie 2019
09:00 Bybelstudie Montana Aftree-Oord
09:00 Bybelstudie Zambezi View
10:00 Die Goue Are bied 'n geleentheid in die kerksaal aan met die SAPD Orkes wat gaan optree asook 'n praatjie oor ***persoonlike beveiliging*** deur die SAPD Sinoville. Sagte kollekte. Gratis koffie, tee en koekies word na die tyd bedien. **Almal, oud en jonk welkom!**

Vrydag 14 Junie 2019 – Skole Sluit
09:00 Bybelstudie Twee Riviere Aftree-Oord
10:00 Bybelstudie Bougainvilla Aftree-Oord.

Sondag 16 Junie 2019
Net een erediens om 09:00 o.l.v. ds Bennie Powell.

Kom ons bid vir siekes tuis of in hospitale: Jan Goosen, Minnie Boon, Yolande Bester, Miemie Rossouw, Magriet Davel, Andries Greyling, Ockert Groenewald, Hettie Venter, Nic du Toit, Serah van Heerden, Tertius en Thea Geldenhuys, Meindert Louw, Alta Vermeulen, Retha Sandmann asook Frans en Annatjie de Kok.

Innige meegevoel met Bettie de Klerk met die afsterwe van haar man Gert, met die familie van Dot Steyn wat oorlede is asook met Boet en Janet Bothma met die afsterwe van hulle seun.

Baie welkom aan die nuwe intrekkers in die Gemeente, mag NG Montana vir u werklik 'n geestelike tuiste wees.
Nuwe intrekkervorms is beskikbaar in die konsistorie, kerkkantoor of op die webblad. Voltooi dit en laat dit in die kerkkantoor, plaas in die kollektesakkie op 'n Sondag of e-pos dit na admin@ngmontana.co.za
(Kerkkantoorure: Maandae tot Vrydae vanaf 08:30 tot 13:00, tel.nr. 012 534 3377).

Ons verwelkom die volgende lidmate wie se Attestate ontvang is: Naomi Bosch van Magalieskruin; Ben en Elsa Powell van Overkruin; Tjaart en Marissa van der Walt van Pierneef asook Rina Edwards van Culembeeck.

Kothuismark

Die wintermark verkoping vind plaas na elke diens in die Binnehof .

Ons het nog heelwat items nodig, bring asb. na die Kerkkantoor.
Vir navrae skakel met Beulah by 074 4827360.

Komberse Projek vir die Matt. Uitreik

Daar is reeds 50 komberse ontvang, ons benodig nog 40 vir die uitreik op Vrydag 28 Junie.

Bring asb. na die Kerkkantoor.

Die Matt. Projek loods nog 'n uitreik aan die straatmense om serpe en "beanies" te brei of te hekel. Daar is wol in die Kerkkantoor beskikbaar.
Baie dankie vir almal se hulp met hierdie Uitreik Projek.

Die volgende name word aan die Gemeente voorgelê vir die verkiesing tot die Gemeenteraad:

Hannes Scheepers;
Billy Theunissen;
Junette Viljoen;
Dominique Strydom en
Willie Steffen.

Tiendedankoffer Insameling 2019

Hierdie dankofferprojek is ons Gemeente se enkele grootste dankofferprojek. Daar word vir 2019/2020 in die geloof begroot vir R800 000. Die bedrag reeds ontvang is: R458 051-00.

Indien u nie 'n brief ontvang het nie neem gerus by die deure. U is ook welkom om u dankoffer elektronies oortebetaal in die kerk se bankrekening. (Besonderhede voor in die jaarprogram).